

Vraag vir Margaret Rosabel Mezzabotta

Ontydig, voortydig jou vertrek
na 'n ander onbekende oord.
Die siel, onthou ek vanoggend,
is soos wyn wat stadig moet verouder.
Iets glo soos bottelskok
as dit te gou ontkurk of geskink word.
Jy sou my dadelik kon reghelp:
dit staan in die Egiptiese Boek van die Dood.
Om jou dood te begryp
is 'n hiëroglief onontsyferbaar
in 'n donker gang onbegaanbaar.
Die dood keer woordordes om,
dit laat ons terugkyk, onthou, selfs gryp
na klein momente van die toeval–
soos hoe ek eenmaal jou bril skoongemaak
het, oor duister simbole met jou praat.
Vir hierdie lykwaak, groot gelykmaak,
is ek as digter onvoorbereid,
nee, eerder onbereid.
Die sogenaamde consolatio of vertroosting
van 'n medium (kyk, sy stuur 'n rooi roos)
of die flikker van 'n kers,
maak niks ongedaan nie. Wat beteken ontval?
Dat jy te vinnig – na my sin –
paradyswaarts
moes gaan. Dat jou siel
oënskynlik sonder voorbereiding
weggeruk is. Dat rose verwelk,
kerse ophou flakker...
Ek wou nog vra:
“Wie het die een oog van Nefertiti uitgekrap
sodat sy moes blind uitkom aan die ander kant?”

Joan Hambidge
Uit: *Lykdigte* (Tafelberg, 2000)